**16 September**

**Skrifgedeelte: Jeremia 15:15-21**
**Fokusgedeelte: Jeremia 15:19-21**

## Dit is nie maklik nie

Die profeet Jeremia het ’n moeilike taak gehad. Hy het onder die verbondsvolk opgetree in ’n tyd toe hulle baie afvallig was van die Here. Jeremia moes aan hulle net sê wat die Here vir hom ingegee het om te sê. Dikwels moes Jeremia die volk konfronteer oor hulle sonde en hulle waarsku teen die komende oordeel en straf van die Here. Sy boodskap het hom baie ongewild gemaak onder die volk. Dit het vir Jeremia soms moedeloos gemaak en hom met God laat redeneer. “Ek kan nie op U reken nie,” roep hy uit in vers 18.

Die Here roep hom egter in ons fokusgedeelte op om sy woorde terug te trek en aan Hom getrou te bly. Dan sal hy steeds namens God kan praat. Die Here verseker hom van sy nabyheid en dat Hy hom teen sy vyande sal beskerm. Wanneer ons in die lewe ander wat op die verkeerde pad is met die Here se boodskap konfronteer, kry ons ook dikwels teenstand. Ander sal jou maklik verwyt dat jy iemand is wat jou heilig hou of prekerig is. As jy met jou maat in die skool praat oor iets wat hy of sy verkeerd doen, moenie verbaas wees as jou maat kwaad word of jou beledig nie. Mense hou nie daarvan om op hulle sondes gewys te word nie.

Bly egter getrou aan die woorde wat God wil hê jy moet sê en stry altyd teen dit wat in jou eie lewe verkeerd is. God is by jou deur sy Heilige Gees om jou te leer om ander vriendelik te vermaan. Is jy egter oop vir ander wat jou op iets verkeerds in jou lewe wil wys?

*Sing: Psalm 38:4, 5, 8 (2001-omdigting)*

*Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)*